Transportakte 21695/1972, gedateer 6 September 1972.

*Historiese Belang*

Hierdie kolonistehuis is in 1709 deur Sebastian Schreuder opgerig en is die oudste bekende Blanke woning in Suid-Afrika.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1567 6 September 1974

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom bekend as Bien Donné te Groot Drakenstein, naby Franschhoek, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese ou Kaaps-Hollandse herehuis bekend as Bien Donné, met 'n stuk grond daaromheen wat aan die noorde- en oostekant deur die ringmuur begrens word, terwyl die suidelike grens gevorm word deur 'n reguit lyn vanaf die suidelike punt van die oostelike ringmuur in die rigting van die noordelike pilaar van die ingangshek, daarvandaan in 'n westelike rigting in 'n reguit lyn vanaf die noordelike tuinmuur met die rand van die grasperk langs sodat laasgenoemde ingesluit word, tot waar dit die suidelike grenslyn kruis, synde in sy geheel geleë op sekere stuk grond bekend as Bien Donné, in die afdeling Paarl, en groot as sodanig 280,934 4 morg.

Sertifikaat van Gewysigde Titel by Vereniging 5453/1939, gedateer 30 Mei 1939.

*Historiese Belang*

Hierdie indrukwekkende H-vormige gewelhuis is in 1800 deur Dawid de Villiers opgerig.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1568 6 September 1974

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die Nederduits Gereformeerde Kerk daarop, te Utrecht, Natal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die historiese Nederduits Gereformeerde Kerk daarop, geleë aan Kerk- en Bloemstraat op Erwe 236, 237 en 238 in die dorp Utrecht, Natal.

*Historiese Belang*

Die hoeksteen van hierdie kerk is op 23 Oktober 1891 deur die destydse Kommandant-generaal van Transvaal, genl. P. J. Joubert, gelê. Die inwyding van die gebou het daarna op 21 April 1893 plaasgevind.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1569 6 September 1974

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy,

Deed of Transfer 21695/1972, dated 6 September 1972.

*Historical Interest*

This colonial house was built in 1709 by Sebastian Schreuder and is the oldest known European dwelling in South Africa.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

---

No. 1567 6 September 1974

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

Under section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property known as Bien Donné at Groot Drakenstein, near Franschhoek, to be a national monument.

*Description*

The historic old Cape-Dutch homestead, known as Bien Donné, surrounded by a piece of land bounded on the northern and eastern sides by the ringwall and with the southern boundary being formed by a straight line from the southern end of the eastern ring-wall in the direction of the northern pillar of the entrance gate, thence in a westerly direction in a straight line from the northern garden wall along the border of the lawn, so as to include the latter, until it crosses the southern boundary line, being situated in its entirety on a certain piece of land known as Bien Donné, in the Division of Paarl and measuring as such 280,934 4 morgen.

Certificate of Amended Title on Consolidation 5453/1939, dated 30 May 1939.

*Historical Interest*

This impressive H-shaped gabled house was built by Dawid de Villiers in 1800.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

---

No. 1568 6 September 1974

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property with the Dutch Reformed Church building thereon, at Utrecht, Natal, to be a national monument.

*Description*

The property with the historic Dutch Reformed Church building thereon, situate on Church and Bloem Streets, on Erven 236, 237 and 238 in the Town of Utrecht, Natal.

*Historical Interest*

The foundation stone of this church was laid by the Commandant General of the Transvaal, Gen. P. J. Joubert, on 23 October 1891. The inauguration of the building followed on 21 April 1893.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

---

No. 1569 6 September 1974

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National

Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die plaaswerf met die historiese woonhuis en buitegeboue daarop, omgrens deur die ringmuur, te Vergenoegd, Faure, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die plaaswerf met die historiese woonhuis en buitegeboue daarop, omgrens deur die ringmuur, geleë op sekere stuk grond, gedeeltelik vrypag-, gedeeltelik erfpaggrond en gedeeltelik belasbare gebied in die Benede-Eersterivierbesproeiingsdistrik te Faure in die afdeling Stellenbosch, synde die restant van die gekonsolideerde plaas Vergenoegd 653 en groot as sodanig 619,107 3 ha.

Transportakte 32854/1970, gedateer 12 November 1970 (paragraaf 1).

*Historiese en Argitektoniese Belang*

Hierdie eiendom is oorspronklik in 1696 aan Pieter de Vc ɔegeken. Die vroegste gedeelte van hierdie H-vormige wo...nuis met sy indrukwekkende gewels, dateer waarskynlik uit die middel van die 18e eeu. Die werf word omgrens deur 'n ringmuur en 'n interessante kompleks buitegeboue.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1592 6 September 1974

BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde munisipale owerheid en vereniging het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van hulle heraldiese voorstellings. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstellings beswaar wil aanteken op grond daarvan dat sodanige registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

*Aansoeker.* — Noord-Vrystaatse Amateurgimnastiekvereniging. (H4/3/1/2371.)

*Kenteken.*—Binne-in 'n lourierkrans, 'n flamink, alles v. natuurlike kleur.

*Aansoeker.*—Munisipaliteit Scottburgh. (H4/3/2/240.)

*Wapen.*—In blou, 'n galei met seil opgerol en vlae wapperend, alles van goud, en op 'n skildhoof van goud 'n heraldiese fontein, daaroorheen 'n regopstaande assegaai van natuurlike kleur tussen twee meulysters van swart.

*Helmteken.*—'n Prinsessekroon van goud met 'n uitkomende takbokkop van natuurlike kleur.

*Wrong en dekklede.*—Goud en blou.

*Wapenspreuk.*—PROPE MARE PROPIUSQUE DEUM.

No. 1593 6 September 1974

BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde munisipale owerheid het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van sy heraldiese voorstelling. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie

Education, hereby declare the farmyard with the historic dwelling-house and outbuildings thereon, and bounded by the ring-wall, at Vergenoegd, Faure, to be a national monument.

*Description*

The farmyard with the historic dwelling-house and outbuildings thereon, and bounded by the ring-wall, situate on certain piece of land, partly freehold and partly redeemed quitrent and partly a rateable area in the Lower Eerste River Irrigation District at Faure in the Division of Stellenbosch, being the remainder of the consolidated farm Vergenoegd 653 and measuring as such 619,107 3 ha.

Deed of Transfer 32854/1970, dated 12 November 1970 (paragraph 1).

*Historical and Architectural Interest*

This property was originally granted to Pieter de Vos in 1696. The earliest section of this H-shaped dwelling-house with its impressive gables probably dates from the middle of the 18th century. The farmyard is bounded by a ring-wall and an interesting complex of outbuildings.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 1592 6 September 1974

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF HERALDIC REPRESENTATIONS AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The following municipal authority and association have applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of their heraldic representations. Anyone wishing to object to the registration of these heraldic representations on the ground that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*Applicant.*—Northern Free State Amateur Gymnastic Association. (H4/3/1/2371.)

*Badge.*—Within a laurel wreath, a flamingo, proper.

*Applicant.*—Borough of Scottburgh. (H4/3/2/240.)

*Arms.*—Azure, a lymphad with sail furled and flags flying, Or; on a chief Or a heraldic fountain surmounted by an assegai erect proper between two millrinds Sable.

*Crest.*—Issuant from a princess's coronet Or, a stag's head proper.

*Wreath and mantling.*—Or and Azure.

*Motto.*—PROPE MARE PROPIUSQUE DEUM.

No. 1593 6 September 1974

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The following municipal authority has applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of its heraldic representation. Anyone